29 Januarie 2024

Memo #18

Beste kollegas

Die nuwe jaar het flink en vinnig afgeskop en ek vertrou daar, waar dit menslik moontlik is, is sake redelik onder beheer.

Ek wil julle graag bemoedig vanuit Efesiers 1:3 en 4.

"*GESEËND is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus, soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om* ***heilig*** *en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees*"

Is ons heilig? Ons sê gewoonlik nee, want ons verstaan dit baie keer verkeerd. Tog is die opdrag dat ons heilig voor Hom moet wees.

God het ons voor die grondlegging van die wêreld in Christus uitverkies. God wil dat elkeen wat uitverkies is heilig en onberispelik voor Hom sal lewe, met ons oë op Hom gerig. Dit beteken om heeltemal skoon te wees, sonder enige vlek.

Ons is egter deur die sondeval bevlek, maar God wil daardie vlek, wat die sonde op ons het, heeltemal verwyder. Daarom het die Vader sy Seun aan ons gegee om al ons sondes, al ons vlekke, ons onheiligheid op Hom te neem. Hy het dit alles vir ons aan die kruis betaal, ons is skoon gewas deur die bloed van Jesus Christus.

Die woord heilig in die teks beteken om afgesonder te wees vir Hom. Hy het elkeen wat skoon gewas is van die sondevlek eenkant gesit om vir altyd net aan Hom te behoort. God het ons so lief, daarom het Hy ons volmaak skoon gewas deur die bloed van Christus.

Hoe leef ons dan heilig voor Hom?

1. **Ons moet eerstens waaksaam wees.**
   In 1 Joh 2:16 lees ons iets van die suigkrag van die wêreld "*want alles wat in die wêreld is- die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootheid van die lewe – is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld*." Dit beteken dat ons so maklik deur die wêreld verlei word om verkeerde dinge te doen. Ons bly in 'n wêreld wat ons maklik manipuleer om wêrelds te dink en te doen. En dikwels vind dit 'n plek in ons harte.
2. **Ons moet ons denke verander.**
   Paulus skryf in Romeine 12:2 "*julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is*." Dit kan 'n toets in ons lewe wees. Begin dus by die basiese punt: 'deur julle denke te verander.'

   Die volgende is 'n paar praktiese wenke om te help om jou denke te verander:
   - Doen moeite maak om uit sy Woord te lees, daaroor te dink en met ander daaroor praat;
   - Gaan gereeld kerk toe om die Woord daar te ontvang;
   - Maak tyd om elke dag te bid, dit is die asemhaling van jou siel; en
   - Ook die sing van Psalms dra by tot vernuwende denke.



Hoofkantoor
Starkeylaan 1249, Waverley, Pretoria, 0186
E: saskiameijer@ico.org.za | S: 082 491 4965

3. **Volgende is om God se wil na te volg.**
   In 1 Joh 2:17 staan daar geskrywe "*En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid," en dan sê hy, "maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig*."
   Wanneer ons God se wil getrou doen en op Hom vertrou, sal ons gou agter kom dat die wêreld geen mag oor ons het nie!
4. **Verder moet ons die sout van die wêreld wees.**
   Jesus sê "*Julle is die sout vir die aarde*." Sout het drie belangrike funksies.
   a. Dit gee aan kos **smaak** en bring al die geure uit. Hierdeur leer God ons dat die wêreld smaakloos is. Die wêreld leef op so 'n wyse, dat hulle nie eer aan God gee nie. Hulle lewe is alles behalwe smaakvol vir God.
   b. Sout **bewaar** vleisprodukte. Alhoewel dit nie meer vandag so algemeen is nie, is dit in die algemeen so in die Bybelse tydperk gebruik. Vars vleis is in sout bewaar, sodat dit later geëet kan word. Jesus bedoel dat die wêreld besig is om te vergaan as daar nie sout is nie.
   c. Sout het ook **ontsmettende** waarde. Net die evangelie kan ons skoon maak voor God. En juis dit is wat die wêreld benodig.
5. **Laastens moet ons die lig van hierdie wêreld wees!**
   Jesus sê nie net hoe ons in hierdie lewe moet leef nie, maar vertel ons ook dat hierdie wêreld donker is. Aangesien die Heilige Gees in ons woon, sal daar twee dinge gebeur as ons lig in die donker skyn. Eerstens sal ons lig die duisternis verklap. Dit wys dat die wêreld in duisternis lewe en in sirkels ronddwaal. Tweedens wys dit 'n pad uit die duisternis uit. God se woord is 'n lamp vir ons voet en 'n lig vir ons pad (Ps 119:105). In Joh 8:12 lees ons "*Ek is die lig van die wêreld, wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê*."

Mag elke hoof en onderwyser in 2024 weer gaan nadink wat dit beteken om heilig voor Hom te lewe**.** Laat ons hierin 'n voorbeeld wees vir die kinders wat aan ons sorg toevertrou is.

---

## 1. Meelewing



Die ICO het met leedwese verneem van die afsterwe me Mara Badenhorst, die skoolhoof van Uitkoms Akademie in Cullinan. Ons dra ook haar familie, geliefdes kollegas en kinders van Uitkoms Akademie op aan die Genadetroon van onse Here Jesus Christus. Dit is ook ons bede dat julle vertroosting sal vind net soos Dawid in 2 Samuel 22: 2 "*En hy het gesê: Die HERE is my rots en my bergvesting en my redder*".

## 2. Dankbaarheid



Die matrieks van 2023 van GSDP het pragtig presteer. Ons is dankbaar om mee te deel dat hulle 'n 100% slaagsyfer gehad het en 59 onderskeidings behaal het. Die Here se genade is groot. Baie dankie in die besonder aan die onderwysers wat hierdie kinders so mooi dwarsdeur hul skoolloopbaan begelei het.

## 3. ICO Kantoor

Soos elkeen bewus is, is ek nou die skoolhoof van Gereformeerde Skool Dirk Postma. Alhoewel ek steeds waarneem as hoof by die ICO is ek nie altyd tydens skoolure beskikbaar om navrae te hanteer nie. Kontak asseblief eers vir me Annelieke Visser by admin@ico.org.za of 072 236 0777.

Indien sy julle nie kan help nie sal sy die saak na my verwys. Ek sal probeer om die navraag dan binne 24 uur te beantoord. Alle funksies van die ICO gaan steeds voort. Ons hoop om binnekort 'n pos te adverteer en 'n persoon aan te stel wie my take stelselmatig sal oorneem.

## 4. Datums

Hiermee net weer 'n herinnering aan die volgende belangrike datums:

## 17 Februarie: ICO atletiek

Aangebied deur Gereformeerde Laerskool Johannes Calvyn




## 12 Maart: Fedsas beraad




## 20 Maart: ICO seminaar



Maak asseblief seker dat navrae oor hierdie geleenthede aan die regte e-pos adres gerig word.

## 5. Departementeel

Die Direkteur-Generaal van die Departement van Basiese Onderwys, die adjunk-direkteur-generaal van die departement en die hoofde van provinsiale departemente van Onderwys vorm die sogenaamde HEDCOM. NAISA vergader gereeld met hulle oor onderwyssake. Ek deel graag ‘n paar relevante sake wat in die laaste vergadering bespreek is, soos deur die ACSI aan ons gekommunikeer.

## 6. Subsidie

Hierdie bly 'n omstrede onderwerp wat by ons skole wat subsidie ontvang baie vrae laat. Skole ontvang nie altyd die subsidie betyds nie en dit veroorsaak finansiële uitdagings. Teen einde November 2023 was daar byvoorbeeld 73 skole in Gauteng wat nog op betaling gewag het. Provinsies wat nie by die sperdatums hou nie is streng deur HEDCOM berispe. NAISA sal voortgaan om meer verantwoordbaarheid van provinsiale en distriksdepartemente te vereis wat nie subsidies betyds betaal nie. Aansoeke vir subsidies vir nuwe skole of vir diegene wat vir die eerste keer aansoek doen se kans is skraal om wel subsidie te ontvang aangesien daar meegedeel is dat daar nie meer fondse hiervoor beskikbaar is nie. Dit verklaar ook waarom van ons skole se subsidies drasties gesny is.

## 7. SA-SAMS, LURITS en EMIS

Hierdie administratiewe verslagdoenstelsels is 'n kritieke manier om leerders deur die onderwysstelsel te volg. Dit sluit data soos leerderregistrasies, bewegings tussen skole, resultate, ensovoorts in. Inligting wat uit hierdie stelsels verkry word, word in die Parlement gerapporteer en as sodanig is ons verplig om sulke inligting in te dien. Tog het sommige van ons skole oor-entoesiastiese distriksamptenare gehad wat eis dat resultate teen die laaste dag van die kwartaal ingedien word, wat druk plaas op die skole wat eksamens skryf tot op die laaste dag. Dit blyk dat die department besef dit is ‘n probleem en dat daar nou ‘n twee weke grasietyd toegelaat is vir skole wat eksamens tot op die laaste dag skryf, om dit later in te dien.

## 8. Aanlyn of virtuele skole

Die proses om wetgewing te formuleer om aanlyn/virtuele skole te registreer en te bestuur, is nog aan die gang in samewerking met UMALUSI. Geen aanlynskool is dus tans geregistreer nie.

## 9. Migrasie van VKO (Vroeë kindontwikkeling of te wel kleuterskole)

Die proses om VKO-skole van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) na die DBE te migreer, is nog steeds in sy vormende stadiums. Die belangrikste is egter dat registrasie van nuwe VKO-sentrums deur die DBE gedoen sal word en nie meer deur die DMO nie. Maatskaplike werkers sal steeds verantwoordelik wees vir opvolging in hierdie sektor. Terwyl die Vangasali VKO-dokument steeds die primêre dokument behoort te wees met betrekking tot vroeë kinderjare-onderrig, is sekere aspekte daarvan nou verouderd, veral wanneer dit kom by registrasie by die DBE.

## 10. SAMRO

Skole bied gereeld musiekproduksies (revues) aan. Dit kan dus gebeur dat skole kennisgewings ontvang van die Suid-Afrikaanse Musiekregte-organisasie (SAMRO) en/of die Motion Picture Licensing Company (MPLC) wat betaling eis vir die gebruik van musiek en/of films in hul skole. Hierdie saak word direk deur die DBE en SAMRO hanteer. 'n Regsopinie wat deur die DBE ingewin is, het aangedui dat skole nie vir sulke gebruik hoef te betaal nie. SAMRO het nog nie op die regsopinie gereageer nie. Tans moet geen fooie aan SAMRO, MPLC of enige ander organisasie wat betalings vir musiek-/filmregte eis, betaal word nie.

## 11. Tuisonderrig-sentrums

Die beleid oor Tuisonderrig is duidelik dat ouers die reg het om hul kinders tuis te onderrig, maar dit moet by die huis gedoen word en nie by enige vorm van skool (bv. kothuisskool ens.) nie. Daar is 'n bekommernis uitgespreek dat 'n aantal sulke skole gestig is wat nie as skole geregistreer is nie en dikwels geen geskikte gekwalifiseerde of SACE-geregistreerde onderwysers het nie. Die DBE gaan streng optree teen sulke instellings.

## 12. Beëindiging van kontrakte weens ouers se nie-betaling van skoolfondse

Soos wat reeds telkemale verduidelik is, is dit krities belangrik dat daar 'n deeglike dokumentasiespoor gehandhaaf word in die hantering van wanbetalers. Maak ook seker dat die beste belange van die kind altyd voorop staan in besluite. Geen rapporte mag byvoorbeeld weerhou word omdat ouers nie skoolfondse betaal nie of agterstallig is met die betaling van skoolfondse. Onthou ook dat ouers gebind is deur die kontraktuele ooreenkoms wat hulle met die skool geteken het. Ons is nie onder 'n konstitusionele verpligting om onderwys te lewer nie, soos dit wel vir die openbare skole die geval is.

‘n Mondvol so aan die begin van die jaar. Ek wens julle almal ‘n geseënde eerste kwartaal toe. Baie sterkte met die uitdagings en geniet die geleenthede.

Die ICO atletiek is om die draai, ek sien uit om julle almal weer daar te ontmoet.

Vriendelike groete

Saskia Meijer